19.5 RAPPORT 4: DEPUTATE JEUGSORG – TOERUSTING EN HULPMIDDELS (Art 97)

19.5 REPORT 4: DEPUTIES YOUTH – EQUIPPING AND AIDS (Art 97)

A. Ds CB Robinson stel die Rapport.
Rev. CB Robinson tables the Report.

B. Die Rapport word staande die Sinode afgehandel.
The Report is concluded while the Synod is in session.

C. **RAPPORT / REPORT**

1. Opdrag	**1. Mandate**
1.1 Acta 2018: 51 3.1: Die Deputate gaan voort met die versameling en verspreiding van toerustingmateriaal vir jeugbediening.	1.1 Acta 2018: 151 3.1: The Deputies are to continue gathering and distributing equipping material for youth ministry.
Besluit: Kennis geneem.	**Decision: Noted.**
2. Sake waarvan die Sinode kennis neem	**2. Matters that the Synod takes note of**
2.1 Die Deputate Jeugsorg beskou die versameling en verspreiding van toerustingmateriaal en hulpmiddels vir jeugbediening as een van die hooftake van die Deputate.	2.1 The Deputies Youth Ministry considers the gathering and distributing of equipping material and aids for youth ministry as one of their main tasks.
2.2 Die Deputate het ‘n beroep op alle predikante en jeugwerkers gedoen om toerustingmateriaal tot hul beskikking aan die jeugkantoor te stuur. Inligting wat versamel is, is verwerk en vrygestel op die webwerf, www.gkjeug.co.za	2.2 The Deputies has called on all ministers and youth workers to send equipping material at their disposal to the youth office. Information gathered was processed and loaded onto the website, www.gkjeug.co.za
2.3 Die Deputate doen ‘n verdere beroep op predikante om hul Bybelstudies, preke en artikels aan die Jeugkantoor te stuur. Die Jeugkantoor hanteer die verwerking daarvan en kan dit dan deur middel van Kruispad en/of die Jeugkantoor se verskeie kanale versprei.	2.3 The Deputies also calls on ministers to send Bible studies, sermons and articles to the Youth Office. The Youth Office handles the reworking thereof and can then distribute it by means of Kruispad and/or the various channels of the Youth Office.
2.4 Die Deputate het vanaf 2018 se Sinode vyf Bybelstudieboekies uitgegee.	2.4 Since Synod 2018, the Deputies have published five Bible study books.
2.4.1 Die gedagte met hierdie boekies is om jeugbediening landwyd te ondersteun met ’n voltooide produk eerder as om finansiële bystand te verleen aan een of twee gemeentes.	2.4.1 The aim of these booklets is to support youth ministry across the country with a completed product instead of just offering financial aid to one or two churches.
2.4.2 Dié boekies kan aangewend word vir kampe, om ‘n Jeugbybelstudiegroep by die gemeente te begin of vir selfstudie.	2.4.2 These booklets can be used at camps, to start a youth Bible study group in a church or for personal study.
2.4.3 Die volgende volkleur Bybelstudieboekies is uitgegee: *’n Nuwe Lewe* (wat oor Efesiërs	2.4.3 The following full-colour Bible study booklets have been published: *’n Nuwe Lewe* (which is about Ephesians), *Sela*

handel), *Sela* (12 Bybelstudies oor bekende Psalms), *Go to all the nations* (oor geloof en verspreiding van die evangelie), *Wees 'n dienaar van die Here* (12 Bybelstudies oor 2 Timoteus) en *Volg jý My* (21 Bybelstudies oor Johannes).	(12 Bible studies on well-known Psalms), *Go to all the nations* (about faith and spreading of the gospel), *Wees 'n dienaar van die Here* (12 Bible studies about 2 Timothy) and *Volg jý My* (21 Bible studies about John).
2.4.4 Daar word in 2022 beplan aan 'n Bybelstudieboek wat handel oor die groot vrae in Genesis. Verdere beplanning is die herdruk van die voorafgaande boekies en die vertaling en uitgee van *'n Nuwe lewe* in Engels.	2.4.4 A Bible study book is planned for 2022 addressing the big questions in Genesis. There are also plans to reprint existing booklets and to translate and publish *'n Nuwe Lewe* in English.
2.5 *Ander hulpmiddels*	2.5 *Other aids*
2.5.1 Die Deputate gee deur middel van die webwerf, www.gkjeug.co.za, swart-en-witboekies uit as kort e-boeke wat vir Bybelstudie of selfstudie gebruik kan word. Gemeentes kan dit aflaai van die webwerf en uitdruk vir die jeug.	2.5.1 The Deputies publish, by means of the website (www.gkjeug.co.za), black and white booklets as short e-books that can be used for Bible study or personal study. Churches can download and print them for the youth.
2.5.2 Op die webwerf is daar ook boekies beskikbaar oor onder andere Paasfees en Kersfees wat vir die hele gesin opgestel met die fokus op kinders.	2.5.2 The website also offers booklets about *inter alia* Easter and Christmas for families that are focussed on children.
Besluit: Punte 2.1 tot 2.5.2 kennis geneem.	**Decision: Points 2.1 to 2.5.2 noted.**
3. Sake waaroor die Sinode besluit	**3. Matters that the Synod decides on**
3.1 Die Deputate gaan voort met die versameling en verspreiding van toerustingmateriaal vir jeugbediening.	3.1 The Deputies should continue to gather and distribute equipping material for youth ministry.
3.2 Die Deputate gaan voort met die uitgee van twee Bybelstudieboekies per jaar.	3.2 The Deputies should continue to publish two Bible study booklets per year.
3.3 Die Deputate gaan voort met die uitgee van toerustingmateriaal deur middel van die webwerf.	3.3 The Deputies should continue to offer equipping material via the website.
Besluit: Punte 3.1 tot 3.3 goedgekeur.	**Decision: Points 3.1 to 3.3 approved.**